NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

JUNIE 2018

Markus 6: 35 – 44

DINK RADIKAAL ANDERS

Markus 6:37 – Is jy bereid om vir hulle iets te gee om te eet of stuur jy hulle honger weg? Markus 6:43 – Glo jy die Here sal in oorvloed voorsien?

BID RADIKAAL ANDERS

Lukas 10: 2 – 3. Bid vir al die wat fisies sowel as geestelik honger is. Bid ook vir die arbeiders wat die Here uitstuur om sy oes in te samel.

WEES RADIKAAL ANDERS

Tree uit jou gemaksone en maak 'n bewustelike en daadwerklike poging om ander daagliks te bedien met God se liefde en God se Woord.

WAT IS ANDERS DIE MAAND?

Bid dat die Pinkstertema al hoe meer in De Eike se harte sal groei sodat ons sal uitreik na 'n honger wêreld.
Reik uit na Moslemkollegas/vriende.

DE EIKE IS ANDERS

De Eike Koskas benodig dringend nie-bederfbare voedsel items.
Deur die *Legkaart van Hoop* projek kan ons die bereik wat honger na Sy Woord.

DIE WÊRELD IS HONGER

Fisiese en Geestelike Honger oor die Wêreld

Gemiddeld tot hoë inkomste | Armoede | Uiterste Amoede



805 miljoen mense wêreldwyd het nie genoeg kos om te eet nie. 750 miljoen het nie toegang tot skoon drinkwater nie.

"Die armes is honger en hulle honger vang hulle vas in hulle armoede" The World Food Programme

Christen | Evangelie gehoor maar verwerp | Nog nooit die evangelie gehoor

Van die geskatte R42 triljoen wat deur Christene verdien word, word slegs 2% gegee. Slegs 6% van hierdie 2% word vir sending aangewend en slegs 1% van hierdie 6% word aangewend om die 29% van die wêreld se bevolking te bereik wat nog nooit van Jesus gehoor het nie.



Ongeveer 1,6 biljoen Moslems sal vas tydens die jaarlikse Ramadan fees:

Bid dat Jesus hulle geestelike honger sal versadig gedurende hierdie tyd van verontmoediging deur Homself aan hulle te openbaar as die enigste ware Verlosser.

Bid vir die Christene in Islamlande vir beskerming teen radikale Moslems.

Ramadan 2018:
16 Mei - 14 Junie

24%

van die wêreld se bevolking is Moslem.
2015 Pew Research Centre skatting

Bronne:
https://www.dosomething.org/us/facts/11-facts-about-global-poverty
http://www.incontextinternational.org/infographics/
https://www.theguardian.com/news/datablog/2013/jul/10/ramadan-numbers
http://www.pewresearch.org/fact-tank/2017/08/09/muslims-and-islam-key-findings-in-the-u-s-and-around-the-world/